# DIE ZASTRONNER

Geregistreerde Nuusblad

JAARGANG 6 VOLUME 1 | JANUARIE 1993 | PRYS R1.50



Eienaar / Uitgewer
Drukker / Redaktrise:
**Diana Rautenbach**

**Adres:**

Die Zastronner
Posbus 54
Zastron
9950

Tel. 1821 Boesmanskop




Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.



Met dank en erkenning aan: Die Munisipale Raad, Adverteerders en Medewerkers.


## BLOUES BO!



Die blou span het vanjaar skoonskip gemaak in die kleurebyeenkoms van die Hoërskool Zastron. Hier verskyn die dirigente saam met hul spanlede.

Goeie deelname en 'n mooi gees was 'n kenmerk van die sportbyeenkoms wat op 22 Januarie plaasgevind het. Die volgende atlete het baie mooi presteer: Stian de Witt in die 400 m en Christo Crous in die 800 m. Abrie du Plessis in die 400 m en hoogspring en Erika Thormahlen in spiesgooi en verspring. Eddie de Beer in die 800 m, 1 500 m en 3 000 m, asook Gerrie van der Merwe in die 3 000 m. Jomari Kühn en Janine de Kock in spiesgooi en Ella Olivier in die 100 m en 200 m en Melanie du Plessis in die 100 m.

Die skool is trots op al die atlete en sien uit na 'n goeie atletiekseisoen. Dankie ook aan al die beamptes en toeskouers vir jul deel.

## FONDS GESTIG

Nadat die woonhuis van mnr. en mev. Herbert Carter van die plaas, Ladysdale, Boesmanskop op 31 Desember deur 'n brand verwoes is, het Boesmanskop Boerevereniging (Dames) die Herbert Carter-fonds gestig.

'n Lys is by BKB op die dorp beskikbaar en donasies kan daar gemaak word. Enige ander bydraes is ook welkom, daar die gesin al hul besittings verloor het. Vir verdere navrae kan mev. Colana Cronje, tel Boesmanskop 5903 gekontak word.


**ZASTRON APTEEK**

**Gesondheidsorg & Diens**

PLUS

'n Medikredit-Apteek

SKOONHEID VAN
*Revlon*
*Jean Baré*
*Yardley*
*Innoxa*

Maandeliks Plus-Promosies en Kompetisies
Alpha-Fotodiens
Green Cross-Skoene
Kaartjies en Geskenke
Sonbrille en Swembadbenodigdhede

TEL (05542) 54 & 355 (huis) 546 * Posbus 400 * Zastron 9950

Megasave
INDEPENDENT SUPPORT GROUP
VANANCO
Groothandelaars
ZASTRON
AGENTE VIR
Sentraalwes (Koöp) Bpk
Sasko
Kom vergelyk ons pryse
VRA VIR RONNIE OF MIKE
TEL.
346
179

# REDAKSIONEEL

## HOU MOED

'n Nuwejaar word meestal met groot afwagting en opgewondenheid begroet. Nuwejaarsvoornemens en vrolikheid is aan die orde van die dag en die meeste mense is oorgehaal om van die nuwe jaar 'n sukses te maak.

1993 het egter neerdrukkend begin en 'n mens het 'n gevoel van moedeloosheid, bekommernis en selfs angs rondom jou ervaar. Niemand kan egter kwalik geneem word nie, want die droogte is besig om sy tol te eis en hou drastiese gevolge vir ons gemeenskap in, werkloosheid en finansiële tekorte staar talle in die gesig en die onrussituasie waarvan Zastron deel geword het, veroorsaak verdere spanning.

Ongetywfeld beleef ons dus 'n moeilike jaar, maar daar is sekerlik 'n rede vir hierdie swaar tye: Het ons nie miskien te veel op ons eie kragte begin staatmaak nie? Was ons nie dalk te besig om hier "skatte" bymekaar te maak, dat ons vergeet het dat daar 'n God is nie? Het ons regtig nog ons naaste lief soos onsself of is dit net die "eie ek" wat begin tel het?

So kan 'n mens seker nog talle moontlikhede opnoem, maar miskien moet ons 'n slag erken dat ons ver te kortskiet - miskien moet ons minder kla en die kans benut om ons prioriteite reg te kry - ek is seker dan sal ons gebede verhoor word, al voorspel die weerburo geen reën, of al voel dit of alles teen ons gedraai het. Dan sal ons regkry om ook moed te hou en ons te verbly in tye van teëspoed. Met 'n lied in die hart sal ons dan saam met die digter kan sing - dat die lewe ons op Zastron nooit onder sal kry nie:

"'Tis easy enough to be pleasant,
When life flows along like a song;
But the man worthwile,
Is the man who can smile,
When everything goes dead wrong.
For the test of the heart is trouble,
And it always comes with the years;
But the smile that is worth
The praise of the earth,
Is the smile that comes through tears."

**REDAKTRISE**

# AASVOËLS WORD MEER

Goeie nuus vir natuurliefhebbers is dat die teling van die aasvoëls in die berg gedurende die afgelope maand toegeneem het. Nie minder as 50 aasvoëls is getel nie en dit is die grootste aantal in baie jare. Daar is ook duidelike tekens dat van die voëls begin afpaar en die moontlikheid bestaan dat hulle kan begin broei. Dr. Rob Brüning het beklemtoon dat dit belangrik is dat die voëls nie nou gesteur sal word nie.

'n Faktor wat beslis 'n rol gespeel het in hierdie vermeerdering is die gereelde voorsiening van veilige voedsel deur mnr. Fanus Botes. Op hierdie wyse is die gevaar dat die voëls giftige voedsel kan inkry, verminder, maar 'n ernstige beroep word weereens op die boeregemeenskap gedoen om oordeelkundig met gifstowwe te werk en dat gifaas nie roekeloos hanteer sal word nie.

---

# GEEN OES VIR MEESTE BOERE

Slegs 150 ton koring is by die graansilo op die dorp ingelewer. Aldus mnr. Albert Swart is dit die minste wat nog ooit ontvang is. Vir die vierde agtereenvolgende jaar was daar ook geen hawer-inlewerings nie.

**Statistiek**

Gedurende die 1991/92-seisoen is 7 500 ton koring op Zastron ingelewer, terwyl slegs 1 500 ton gedurende 1990/91 ontvang is. In die 1989/90-seisoen is daar 3 000 ton koring ontvang wat toe al ontstellend minder was die vorige rekordjaar van 18 600 ton. Die gemiddelde inlewerings van die vorige jare was tussen 7 000 en 11 000 ton koring.

DISCOUNT BARGAINS
Matheestraat 7
Die Gesinswinkel
Ons hou iets van alles aan
Kruideniers, Klerasie, Meubels
Elektriese ware, ens.
'n Groot hoeveelheid geskenke nou in voorraad. Loer gerus in
u sal aangenaam verras wees
Ons gee persoonlike aandag aan al ons kliënte

# BRIEWE

**Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Maandag, 22 Februarie 1993.**

## BAIE DANKIE

**Basie en Inga Jordaan en kinders skryf:**
"Ons wil graag ons opregte dank uitspreek teenoor elkeen wat ons so getrou bygestaan het tydens ouma Jessie se lang siekbed en afsterwe, hetsy deur besoeke, gebede, telefoonoproepe of kaartjies. Spesiale dank ook aan ds. Paul; en ds. Nico, drs. Swartz en Van Rooyen, die Matrone en Personeel van die hospitaal en die Sentrale(s) vir hul bystand, asook haar vriendekring wat vir haar soveel beteken het gedurende die afgelope jare. Ons waardeer elke gebaar opreg.

Die **eienaars van die plase, Archiesrest, Guinessis en Soetfontein** wil langs hierdie weg mede-boere bedank vir hulp tydens veldbrande gedurende die nag van 7 Januarie, op genoemde plase. U hulp en belangstelling word opreg waardeer.

**Marco en Elsje Heymans van Kaapse Draai** wil net graag almal bedank wat hulle in 'n besige en "woelige" Desember/Januarie gehelp het. Spangees en entoesiasme was aan die orde van die dag. Baie dankie daarvoor!

**Roy en Ina Nell van Zastron, asook die Brits-kinders van Durban en Ficksburg skryf:** Baie dankie aan al die dierbare vriende wat ons gedra het met gebede, besoeke, kaartjies, blomme, telefoonoproepe en hulp tydens die siekte en afsterwe van ons vader, Gert Brits. Ons waardeer dit opreg.

## DONASIE


**Zastron Landbougenootskap skryf:** As blyk van waardering vir goeie beriggewing oor die Oogfees in die verlede, stuur ons aan Die Zastronner 'n donasie. Ons vertrou dat dit met vrug aangewend sal word in diens van die gemeenskap. Ontvang hiermee Die Zastronner se opregte dank vir die gebaar - Red.

## WELKOM

**Kotie en Belly Fonternel van Zastron skryf:**
"Baie welkom aan Rina van der Bank en kinders van George wat nou in die Mynhardts-woonstelle op Zastron woon. Ons hoop julle is gelukkig en wens julle net die beste toe."

## INTEKENAARS

'n Voornemende intekenaar het per abuis vergeet om sy besonderhede (naam en adres) in te vul. Die posorders se verwysing is 01 10 36801882 en 1 05 27403100. U word versoek om so gou moontlik met die Redaktrise te skakel, Boesmanskop tel. 1821.

**SOEKIE VENTER**
**Eiendomsagent**
Geregistreer by Raad vir Eiendomsagente

**UNITED BANK ALLIED BANK**
**SANTAM BEPERK**

**SANTAM MULTIPLEX**
*Die wydste dekking onder een sambreel*



***Lenings kan gereël word***

VLK-GEBOU
GUSTAVUSSTR. 24A
POSBUS 6
ZASTRON

**TEL. 72**
**ALLE URE**


## SINTERKLAAS SÊ SY SÊ


Die tyd vlieg behoorlik en 'n mens kan nie glo dat Januarie alreeds amper iets van die verlede is nie. Ons vertrou egter dat die reën naby is en dat dit uitkoms vir almal sal bring. Iemand sê nou die dag dat dit so lelik daarbuite lyk, dat sy sommer lus voel om haar huis se gordyne toe te trek .....

Dit het my laat dink aan die bus vol mense. Die bestuurder is laat en hy laat waai. Ongelukkig raak die bus toe die pad byster en jaag deur die veld. Skielik is daar twee bome voor die bus. Die bestuurder moet vinnig besluit. Hy dink en skat so vinnig-vinnig en besluit die bus sal dit tog haal. Hy stuur die bus netjies tussen die twee bome deur en skreeu terselfdertyd opgewonde: "Look out!" Hy hoor hoe skraap die bome die kant van die bus. Net anderkant die bome bring hy die bus tot stilstand. Dit is doodstil. Hy kyk om. Agter, in die middel, sit 'n mannetjie, bleek geskrik. "En wat sê my passasiers?" vra die bestuurder. "You must be very careful, man! And watch your language! You shouldn't say, 'Lookout!'. You should say, 'Look in!', man."

Sinterklaas wil dan ook maar net sê as dit u beter sal laat voel, "Look in!!!!".

Groetnis tot volgende keer.

Finansiële Adviesdiens
OU MUTUAL
Kry meer uit die lewe
Kontak Frik Smit
Tel. 131
Ou Mutual
VLK-gebou
Zastron
MUTUAL & FEDERAL
VERSEKERING




# VERSOEKSKRIF AAN RAAD

**Mnr. J.G. Kriek van Zastron skryf:**

Die brief deur die Stadsklerk van Zastron in Die Zastronner van November 1992 het betrekking.

Die Stadsklerk het die brief geskryf, maar ek aanvaar dat dit in opdrag van die Stadsraad (hierna verwys as die Raad) gedoen is. Ek kruis nie swaarde met die Stadsklerk nie.

As een van die ondertekenaars van die brief, noem ek dat dit uiters onvriendelik van die Raad was om te beweer dat die ondertekenaars van die versoekskrif vals berigte tot nadeel van Zastron en sy inwoners verkondig. Indien nie lasterlik nie, is die Raad se ongegronde bewering baie na aan laster en ek versoek die Raad om die saak reg te stel.

Nêrens in die versoekskrif word beweer dat die Raad van voornemens was of is om met Matlakeng saam te smelt nie. Die versoekskrif is slegs 'n eerlike poging om die lede van die Raad wat nie ten gunste van samesmelting mag wees nie, se hande te sterk, veral omdat swaar donker wolke van integrasie en saamsmelting oor ons land hang, 'n paar blanke munisipaliteite reeds tot samesmelting oorgegaan het en die Regering voorsiening daarvoor gemaak het deur die aanvaarding van die Wet op Tussentydse Maatreëls. Neem verder in ag dat die meerderheid raadslede met behulp van die Nasionale Party verkies is.

Ek haal aan uit bladsy 6 van die Presidentsrede gelewer tydens die jongste kongres van die OVS Munisipale Vereniging: "Hierdie is myns insiens in elk geval net 'n stap om grondwetlike onderhandelinge en die strukture wat daaruit moet voortvloei te orden en om die oorgang na 'n nuwe bedeling waarvolgens daar slegs 'n enkele stel van nie-rassige plaaslike regering geïmplementeer gaan word, daar te stel en te bevorder." Het die Raad se afgevaardigdes hulle op die kongres teen bogenoemde stelling uitgespreek?

Maar kom ons toets of die versoekskrif die felle veroordeling deur die Raad verdien. Indien 'n Raad teen sodanige samesmelting gekant was of is, sou so 'n Raad so 'n versoekskrif verwelkom het en nie so oorverhit gereageer het nie.

Ek versoek die Raad om duidelik te stel of die Raad in die toekoms 'n samesmelting met Matlakeng sal oorweeg of nie.

Die Raad is ontsteld dat (volgens die Raad se foutiewe afleiding) in die versoekskrif beweer word dat die Raad van voornemens is om tot samesmelting oor te gaan en sê "vals berigte verkondig tot nadeel van Zastron en sy inwoners." Moet ek hieruit aflei dat die Raad glo dat dit tot nadeel van Zastron en sy inwoners sal wees indien Zastron en Matlakeng saamsmelt? Indien dit die Raad se sienswyse is, gee ek die Raad volpunte en vergeef hom sy skrobering.

Wie was oningelig? Die Raad beweer dat die Raad geen statutêre mag het om 'n referendum te hou nie. Artikel 179 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur maak voorsiening hoe kiesers kan eis dat 'n Raad 'n stemming moet hou. Die verskil is net dat die woord referendum in die versoekskrif gebruik is, terwyl dit nie in die ordonnansie voorkom nie.

Die skerp reaksie wat die versoekskrif uitgelok het laat my dink aan wat een van Shakespeare se karakters gesê het: "Me thinks this lady protects too much!"

MODEL SLAGHUIS
Ons spesialiseer in
Gerookte Varkboude
Skaap- en Varkribbes
Rookwors en nog vele meer



TEL. 188
Eien. A.G. Cronje & G.J. Marais

ONS KRUIK
Matheestr. 26, Zastron
Heerlike tuisgebak



en 'n groot verskeidenheid geskenke
TEL. 382

# REAKSIE

In reaksie op bogenoemde skrywe het die Raad as volg gereageer: "Ons as Raad van Zastron volstaan met die antwoord van die Stadsklerk soos gepubliseer in Die Zastronner (November 1992).

As raadslede en inwoners is ons ook lojaal en trots op ons dorp. Voorts dra ons die belange van die dorp op die hart en sal niks tot nadeel van ons mooi dorp wil doen nie."

# MUSIEK IS UNIVERSEEL

**PRO VERITATE SKRYF:**

Wat 'n heuglike gebeurtenis was dit om die interessante en leersame artikel van Engela de Kock in die Desember-uitgawe te lees en versorg in sulke keurige Afrikaans - vir die leser was dit so goed, asof hy of sy self die toer meegemaak het en die musiek kon meeleef.


SPRINGBOK KAFEE

TEL. 46

*Ons lewer 'n Eenstop-diens*

**Probeer gerus ons vleispasteie vis en skyfies**

*Ons bak daagliks*


Met wat nou volg, word geensins kritiek op die gehalte van die artikel bedoel nie, trouens kritiek sou voorbarig en onkundig wees!! Alleen net enkele regstellings en 'n ander, hoewel saamlopende gesigspunt word genoem. Trouens, ek dink dat mev. De Kock dit sal verwelkom en nie aanstoot sal neem nie.

Bayreuth is ongetwyfeld die hoof-musiekstad van Beiere, maar nie die hoofstad van Beiere nie, want München is (of soos die Engelse dit beroemd en berug gemaak het Munich - berug oor die "stukkie papier" tussen Hitler en Chamberlain, wat die Tweede Wêreldoorlog voorafgegaan het en Tsjeggoslawakye aan die Duitsers uitgelewer het. Hierdie stad met die beroemde B.M.W. werke daar naby geleë is ook platgevee en verwoes in daardie oorlog. Gelukkig was dit nie die lot van Bayreuth nie.

So ook die stad Nürnberg, ewe bekend aan die Engelse as Nuremberg, met een van die grootste stadions ter wêreld en ook die lokaal waar Hitler verkies het om sy grootste toesprake en massa Nazi-aksies te hou. Maar wat die kunsskatte van die museum aanbetref, uit Europa "geneem", kan ons onthou dat Hermann Goering eintlik die grootste dief was, maar na die oorlog is die meeste terugbesorg aan die wettige eienaars (waar hul opgespoor kon word.) Die musiekinstrumente en ander kunswerke kan ons dan aanvaar as grotendeels eg Duits.

Wat die wonderlike feesteater aanbetref, so mooi, tegnies beskryf deur mev. De Kock, hoewel Wagner self dit mag ontwerp het en dit gebou is volgens sy idees, kon hy dit nooit self laat bou het nie; daarvoor het hy eenvoudig nie die geld gehad nie. Maar hoe gelukkig was Wagner nie om as sy beskermheer die eksentrieke Koning Ludwig II van Beiere te gehad het nie. Hierdie Koning het nie net die feesteater vir Wagner gebou nie, maar hy het ook talle eksotiese kastele en paleise in Beiere opgerig. Vandag nog historiese besienswaardighede - miskien het hy, gelukkig vir ons, gely aan 'n grootheidswaan!

Musiek is inderdaad universeel, soos mev. De Kock sê en alle mense en nasies kan daarin deel en begeester word. Maar laat ons nie vergeet dat musiek ook by uitstek individualisties is en wat smaak betref geld die spreuk "soveel mense, soveel oortuigings." Sonder om die minste afbreuk te doen aan Wilhelm Richard Wagner se grootheid as komponis, laat ons net onthou dat musiek ook nou verbonde is aan taal, nasies, gevoelens en selfs politiek. Hitler en die Nazi-politiek het byvoorbeeld die komponis Mendelsöhn se werke verbied, omdat hy toevallig 'n Jood was, terwyl hulle Wagner opgehemel het (lank na sy dood natuurlik) - omdat hy dan sogenaamd die Duitse volkstradisies en heldeafkoms sou versinnebeeld, soos weerspieël word in sy werke.

Laat ons dan aan Richard Wagner sy plek gee as een van die grootste Duitse komponiste wat in 'n heldegraf begrawe lê waarop byna daagliks nog verering geskied, terwyl Wolfgang Amadeus Mozart, 'n Oostenrykse Duitser, as 'n behoeftige op 35 jarige leeftyd in 'n onbekende armlastige graf verdwyn het. En wie sal die genialiteit van hierdie komponis, met sy meevoerende, melodieuse en welluidende musiek betwis?

Maar om iets te sê van taal en musiek, onlosmaaklik verbonde aan mekaar in opera en veral natuurlik in koorsang wat trouens onmoontlik is sonder taal. Dit is seker korrek om te sê dat sekere tale hul meer leen aan die vertolking van musiek as ander: Daarom is Italiaans, met sy melodiese uitgange en bewoording, seker die musiekaalste taal ter wêreld, veral as 'n mens dink aan d[ie] ronde vokale van Italiaans [–] vergelyk bv. die Engelse nam[e] teenoor die Italiaans[e] weergawe:Milan - Milan[o] Florence - Firenzi, Rome [-] Roma, Genoa- Genova, Venic[e] - Venizzia, Napels - Napo[li]. Selfs die Italiaanse komponist[e] se name klink amper musikaa[l]: Giacomo Puccini, Guisep[pe] Verdi, Enrico Caruso, Placi[do] Dimingo en vele ander.

Daarteenoor is die Engels[e] taal, Duits, Hollands en Afr[i]kaans baie meer "manlik" [en] minder melodieus. Maar d[it]


GREYLING-VERVOER

bied aan

Algemene vervoer van tien ton vragte

* Lewende Hawe
* Meubels landwyd (Toe vragte)

Vir meer inligting skakel

KOOS GREYLING

TEL. 3302 ZASTRON


beteken geensins dat groo[t] musiek nie ook uit hierdie tal[e] spruit nie. Om in hierdi[e] stadium maar net een voor[-]beeld te noem: Dink net ho[e] wonderlik sou George Frederic[k] Handel wat in Engels gekomponeer het se Messiah nie i[n] Wagner se feesteater opgeklin[k] het nie - en van hierdie stuk, Die Messias, is dit absoluu[t] hemels om na die Halleluj[a] koorstuk te luister - wêreldwyd bekend en beoefen.
Handel self het trouens gesê dat hy goddelik geïnspireer is met die komposisie en dit blyk waar te wees, want al Handel se talle stukke het verdwyn, terwyl die Messias en die Halleluja-koor vir ewig is.

# NUUSBROKKIES

**GEBOORTES**

Op 15 Desember het mev. H. Wu die lewe geskenk aan 'n dogter en op 18 Desember het mev. S. Fouché van Rouxville 'n seun ryker geword.

**VERLOWING**

Kobus en Bets du Plessis se dogter, Marlene is verloof aan Hein van Vuuren van Bloemfontein.


KAAPSE DRAAI
TEL. 291
RALPHSTR. ZASTRON
Teekamer
Vars Gebak
Wegneemetes
Vinnige diens & goeie gehalte is ons wagwoord


**HUWELIKE**

Op 12 Desember het Anli van Hasselt in die huwelik getree met Hendrik Grobler van Pretoria. Anli is die dogter van Theo en Marwil van Hasselt.

Chris en Annatjie Crous se dogter, Leonie is op 19 Desember met Andries Corbett van Wesselsbron getroud.

Op 2 Januarie het Smittie Bekker en Amanda Janse van Rensburg getrou. Smittie is die seun van Jan en Gertriana Bekker van Vanstadensrus.

**DIAMANTBRUILOF**

Mnr. en mev. Frans Smith van Rouxville het op 17 Janaurie hul diamantbruilof gevier. 'n Onthaal vir familie en vriende is in die stadsaal aangebied. Dit is die ouers van mnr. Hendrik Smith, Ministriële verteenwoordiger van die Volksraad in die Vrystaat.

**DOOP**

Op 23 Desember is Lodik en Christine Jordaan se dogtertjie, Lustine gedoop. Terselfdertyd is Danie en Ina Cronjé se kleindogter, Debbie-Anne gedoop. Sy is die dogtertjie van Jurgens en Susie Potgieter.

**HEENGEGAAN**

Op 16 Desember is mnr. Jan Maritz van Vanstadensrus oorlede. Hy was 74 jaar oud.

Mnr. Paul F. Holtz (60) is op 19 Desember oorlede.

Mnr. Hendrik J. Swanepoel Henning is op 19 Desember in die ouderdom van 85 jaar oorlede.

Mev. Jessie Grace Schoultz is op 28 Desember oorlede. Sy was 88 jaar oud.

**SIEKTES**

Met die ter perse gaan, was die volgende pasiënte in die Zastron-hospitaal: Mev. Max Cronjé en mev. Coetzee.

**NUWE INTREKKERS**

Mev. C.L. van der Bank, Trustmotors woonstel nr. 2.
Mnr. A.G. Cronje, Hoofstraat 41.
Mnr. W.J. Bezuidenhout, Matheestraat 4 en M.J.M. Lizamore, Spoorweghuis nr. 5.

**FEBRUARIE-VERJAARDAE**
**N.G. KERK ZASTRON**

1 Johan van Dyk
2 Kiekie Jordaan, Naomi Pieters, Sarie Smit
3 Leatitia Nortier
4 Dot Germishuizen, Alex van Zyl, Pieter Mouton
5 Martha Botha, Oelf Breytenbach, Corrie Lategan, Piet Labuschagne, Else Heymans
6 Pottie Potgieter, At Roelofse
7 Basie de Klerk, Koos Roos
8 Magdaleen Keyser
9 Hennie Barnard, Doreen Gertenbach, Bakkies Schoeman
11 Dorie Visagie, Dicky Klopper
12 Ria Botha, Lintie Swanepoel, Georgette Coertzen, Riaan van Dyk
13 Richard Botha
14 Sophie Jacobs, Johan Kruger, Wilna Fouche, Louise Fonternel
15 Peggy Steyn
16 Meraaitjie Botha, Louis Roeloffse, Bertus McPherson
17 Susan Nel, Esté Fouche
18 Johanna Mienie, Miems Olivier
20 Lina van Tonder, Annatjie Smith
21 Rynette Botha
22 Hermien Labuschagne, Marina Muller, Tommie Jordaan
23 Hettie Roodt
24 Ina Heyns
25 Ena Breytenbach, Stevie Stevens
26 Antjies Labuschagne, Maria DeRu, Tinus Botha
27 Martie Prinsloo, Marie Louw
28 Sarie Conway




J. FOUCHE & KIE
PROKUREUR
EIENDOMSAGENT
TAKSATEUR
BOEDELBEREDDERAAR
Volkskas-gebou
Zastron
TEL. 259


**Vanstadensrus**

2 Hennie Bekker, Michael Prinsloo
11 Piet Wessels
12 Choppie Bruwer, Hannes Calitz
13 Malie Ingram
23 Bettie Lourenco
25 Janke Cronjé
27 Jochemus Calitz, Sarie Benadé

**MISDAAD**
**Veediefstal gedurende Desember/Januarie**

Tien merino's is op Hoffiesdal van mnr. Jannie Eloff gesteel. Op Smutshoek word 47 vleismerino's vermis. By Mnr. A. Mulder van die plaas, Guinesses word eers 19 skape en later weer sewe merino's gesteel. Mnr. Piet Labuschagne vermis 8 merino ooie te Kornetspruit. Kobus du Plessis meld die diefstal van 22 merino's en 3 beeste aan. Manie Fouche vermis 'n koei en 'n kalf op Laon. Tien skape is van Sias Hoffman te Rheedesdal gesteel. Mev. Serah Swanepoel vermis 30 stoet vleismerino's te Kromberg. Tinkie Henning meld die diefstal van 9 merino's te Oranjedal aan en S. Townsend vermis 2 merino ooie te Maghaleen.


EIENDOMME
PROPERTIES

No Deal Too Big Or Too Small
Geen Transaksie Te Groot Of Te Klein
KONTAK BABS CUSENS
TEL. 36 OF NA URE 430

Geregistreer by:
Alex Thornhill
Eiendomme, Kimberley

**HUISBRAKE**

By Discount Bargains is ingebreek en klerasie en radio's is gesteel. By mnr. N. Hattingh van Papenfusstraat 6 is 'n televisie en gereedskap gesteel. Op Wanatha van mnr. Naas van der Hoven is ingebreek en drank gesteel. 'n Trapfiets is by die Buitelugskool gesteel en R200 kontant van M. Gordon, Gustavusstraat 6.

Op 3 Januarie is onderskeidelik 9,5 kg en 19 kg dagga gevind. Op 7 Januarie is daar weer dagga op die Sterkspruit-pad gevind en wel hoeveelhede van 14,6 kg, 9,6 kg en 19,8 kg.


**SQUARES**

**Meubileerders Geskenkware**

Groot verskeidenheid altyd beskikbaar

**Volvloermatte**

Gratis kwotasies

Werk gewaarborg

**TEL. 281**

**Posbus 21 Zastron**


Gedurende 'n padblokkade op 16 Januarie is daar vermoedelik beslag gelê op 'n gesteelde Izuzu-bakkie.

## S.A.P. BEPLAN VERDERE BESKERMING AAN INWONERS

Die veiligheidsituasie op die grens is onder beheer en geen voorva van aanvalle het voorgekom nie. Baie sukses is ook behaal deur d hou van verskeie padblokkades en verskeie onwettige immigrante op hierdie wyse opgespoor. Maar dat die Suid-Afrikaanse Polisie ta ernstig besig is met beplanning om die oosgrens en sy inwoners beskerm, is baie duidelik.


**Vanstadensrus**

Vanstadensrus se polisiestasie is opgegradeer en addisionele polis sal daar gestasioneer word, asook 'n nuwe bevelvoerder.

Dan is daar ook gerugte van bykomende polisiekampe op die gre soos dié in Zastron. Een van die kampe kom glo by Wepener.

## 'NAILS FOR U' NOU HIER

Zastron beskik nou oor die dienste van mev. Karen Roelofse, 'n nuwe intrekker van die Kaap, wat dames se naels op 'n professionele wyse kan opbou. Sy het in kort verduidelik dat dit 'n proses is waar 'n plastiese nael bo-oor die bestaande nael geplak word. Daarna word dit met behulp van 'n vloeistof en 'n diamantstof opgebou en gevorm tot 'n 'natuurlike' en sterk nael. 'n Behandeling duur ongeveer een uur en aldus mev. Roelofse bly naelpolitoer selfs drie weke of langer mooi op dié behandelde naels. Die koste daarna verbonde is R50 vir 'n volle stel (minstens die helfte goedkoper as in die stad!) en R30 vir 'n opvulling wat nodig is wanneer 'n dame se eie nael weer begin uitgroei. Mev. Roelofse is bereid om behandelings in die gerief en privaatheid van belangstellendes se eie huise aan te bied. Skakel gerus Zastron 197 vir 'n afspraak of nadere besonderhede.



**Hier is Mev. Karen Roelofse (links) besig om 'n kliënt se naels op te bou.**

# ZASTRON SLAGHUIS

**HOOFDSTRAAT 25** **TEL. 20**

---



ONS IS VERSKAFFERS VAN

***Vars vleis***
***Biltong & Droë Wors***
***Tuisgemaakte Kouevleis***
***Heerlike sosaties***
***Melk & Vrugtesappe***



**SPESIALE AANBOD**

**MIN 5% AFSLAG OP ALLE AANKOPE BO R100**




**AANBOD SLEGS GELDIG VIR**

**MAANDAG, 1 FEBRUARIE 1993**
**DINSDAG, 2 FEBRUARIE 1993**
**WOENSDAG, 3 FEBRUARIE 1993**

# SKADE VAN R220 000 NA ONGELUK

Mnr. Jochemus Calitz van Boesmanskop het vandeesmaand groot skade gely toe een van sy vragmotors, wat 59 groot beeste vervoer het, se linkervoorband gebars het, die pad verlaat het en omgeslaan het. Die bestuurder, 'n swart man, is opslag dood en sy passasier is met veelvuldige kopbeserings in die Pelenomi-hospitaal opgeneem. Die ongeluk het tussen Smithfield en Reddersburg plaasgevind.

Helpers het lank gespook om die lyk uit die wrak te bevry en dooie diere het oral in die veld gelê. Twee-en-twintig beeste is in die ongeluk dood, terwyl 12 vir noodslagting moes gaan. Die orige 25 het mnr. Calitz na sy plaas geneem waar hulle versorg word. Mnr. Calitz is die eienaar van J.J. Calitz Transport.



Die erg beskadigde vragmotor van mnr. Calitz.

## KOMPETISIE LOK WYE REAKSIE

In die Desember-uitgawe van Die Zastronner het Maluti Hotel 'n kompetisie bekendgemaak waarin 'n oorspronklike naam vir hul nuwe teetuin gesoek is. Mnr. Paul Botha het vertel dat daar soveel interessante en oorspronklike name ingestuur is, dat hul besluit het om al die name wat ontvang is, te gebruik as disse op die Spyskaart, byvoorbeeld "Die Oude Werf"-pannekoek of "Indaba"-slaai om net 'n paar te noem. Elkeen wat ingeskryf het, sal weldra 'n uitnodiging ontvang om 'n gratis koppie tee en 'n snoepgereg te kom geniet.

Mnr. Hendrik Opperman het 'n ete vir twee losgeslaan met sy wennaam vir die teetuin: "The Backyard"/"Die Agterplaas".


**MALHERBE, SAAYMAN & SMITH**

*Prokureurs Notarisse*
*Taksateurs*
*Eiendomsagente*
*Transportbesorgers*

Hoofdstr. 36 Bus 44
ZASTRON
9950

Tel. & Faks 05542-39&6


## KUNSUITSTALLING DEUR ASHTONS KUNSGALERY

'n Reuse uitstalling van oorspronklike geraamde olieverfskilderye word op Maandag, 22 Februarie in die Biblioteeksaal aangebied. Werke van 'n groot verskeidenheid bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars, soos Hennie Griesel, Frans Claerhout, Gabriel de Jongh, Otto Klar, Andre Grobler, Kobus Kotze, Wallace Hulley, Jeanette Dykman, Mia Venter, Denzil Herring en nog vele ander sal uitgestal word. Ashtons bied 'n paaiement skema aan oor 6 of 12 maande sonder 'n deposito. Ook as enige persoon 'n bekende kunstenaar se werk besit wat hy/sy wil verkoop, sal hulle dit hanteer. Die uitstalling begin om 08h00 tot 18h00. Daar sal ook 'n gelukkige trekking wees om 17h00, maar die kaartjiehouer moet teenwoordig wees. 'n Kaas-en-wyn onthaal sal daarna volg. Kontak mev. Petro Fouche by die biblioteek vir verdere besonderhede.

# ZASTRON LEESKRING

Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om vanjaar saam te kom geniet wat die geskrewe woord ons bied! "Ons soek nie letterkundiges nie; ons soek bloot mense wat lief is vir lees, want boeke is die kompasse, die teleskope, die hoogtemeters en die kaarte, om ons te help om die gevaarlike see van die lewe te bevaar" sê mev. Heléne Snyman.

Daar word elke ses weke vergader, op Woensdag om 11h00 in die Biblioteeksaal en elkeen wat die kansie het om daar in te loer, is baie welkom. Slegs dié wat wil, kry die geleentheid om 'n boek na te vors en te bespreek: die ander kan dit net geniet!

Die jaarprogram lyk as volg:
3 Februarie: "Abjater wat so lekker kan lag" - W. Stockenström
17 Maart: "Wolftyd" - Elsa Joubert
28 April: "In die somer van '36" - Klaas Steytler
9 Junie: Die veelsydige Alba Bouwer, aan die hand van verskeie boeke
21 Julie: Boek sal later bekend gemaak word
1 September: "To my children's children" en "Living, loving and lying awake at night" - Sindiwi Magona
13 Oktober: "Saam in Afrika" - Attie van Niekerk
24 November: Afsluiting
2 Februarie 1994: "Griet skryf 'n sprokie" - M. v.d. Vyver
16 Maart 1994: "Brug van die Esels" - D. Matthee

Vir verdere inligting kan Martha Steyn (457) of Heléne Snyman (1922) gekontak word.

## VLOOIMARK

Op Saterdag, 27 Februarie word 'n Vlooimark weer in die midde-dorp aangebied. Dit sal om 08h30 in aanvang neem. Kontak mnr. Willie Bester vir verdere besonderhede.

PHOENIX PROPERTIES
A Division Of Phoenix Property Group

CNR MIMOSA & NOORSEKLOOF RD JEFFREYS BAY

TEL. (0423) 961740 / 961636
A/H: 961740
FAX: 961220

JACO PIENAAR

*Vir Huise, Erwe & Woonstelle te JEFFREYSBAAI*
Strandfront erf beskikbaar geskik vir ontwikkeling
**Billike pryse en Professionele Diens**
*UITSTEKENDE BELEGGING*

# STASIEBEVELVOERDER ERG VERBRAND

Sy liefde vir hengel het sers. Bertus Roux, stasiebevelvoerder op Vanstadensrus, die afgelope vakansie byna duur te staan gekom.

Sers. Roux het op 7 Januarie ernstige verbrand toe vlammende paraffien uit 'n primusstofie oor hom gespuit het.

Hy was besig om lood te smelt om sinkers mee te maak toe die stofie om een of ander onverklaarbare rede brandende paraffien oor hom uitspuit. Hulp was gelukkig byderhand en hy is na die Zastronse hospitaal geneem waar hy byna 'n week verpleeg is.

Sers. Roux het reeds sy pligte hervat en sy liefde vir hengelsport is "onaangetas!"

# TENDER VIR VOORSIENING VAN VUURMAAKHOUT

**Tenders vir die voorsiening van ongeveer 30 ton vuurmaakhout oor die periode van een jaar aan BKB-Skeerdiens te Zastron word nou ingewag by die Skeerdiens-werwingskantoor.**

**Hierdie hout moet van 'n harde tipe bv. Bloekom of Wattle wees, asook gesaag en gekloof wees in MAKSIMUM lengtes van 'n halwe meter elk. Die hout moet gelewer word tesame met 'n geldige bewys (weegbrugstrokie) van die massa van elke vrag wat gelewer word. Lewering sal op aanvraag/bestelling van die werwingskantoor geskied. Die periode sal strek vanaf 1 Mei 1993 tot en met 30 April 1994.**

**Volledig gespesifiseerde tenders moet in 'n verseëlde koevert gestuur word aan: Die Hoof Skeerdienste, Posbus 409, Zastron 9950 om die kantoor te bereik nie later as 26 Februarie 1993 nie. Die koevert moet duidelik gemerk wees "TENDER".**

## "BRING-EN-BRAAI" 'N TREFFER

Op Oujaarsaand is 'n straatdans in Matheestraat voor Neves Kafee aangebied. Die orkes van Hansie Calitz, Carel Nortier en Fanie Jacobs het gesorg vir die regte atmosfeer en daar is heerlik geskoffel en gekuier. Later die aand is almal saam kerk toe.

Aldus mnr. Piet-Frans Labuschagne was dit 'n groot sukses en is daar verskeie versoeke gerig dat dit 'n instelling moet word. Selfs besoekers wat in die karavaanpark gebly het, is deur die vrolike klanke nader gelok en het heerlik saamgekuier en is veral beïndruk met die Zastronners se gasvryheid.


## KOSBARE WEIDING IN VELDBRAND VERWOES

Die weerlig was verantwoordelik vir die veldbrand wat op 7 Januarie uitgebreek het en eers twee dae later heeltemal geblus is.

Ongeveer 330 ha is van Sias Hoffman op die plase Middeldam en Rheesdal afgebrand, terwyl W. Ludick 280 ha op die plaas, Mayfieldverloor het. Ander boere wat ook skade gely het is Kotie Klopper en Johanna Mienie wat onderskeidelik op Grootrand en Gouda elk 40 ha weiding verloor het.


**NEVES KAFEE**

Matheestraat
Zastron
**TEL. 532**




***Spesiale Aanbiedinge Elke Maand***

Kom kyk gerus


## DIE PLAASKOMBUIS

Kom geniet 'n Valentynsete op 14 Februarie en 'n tradisionele Boere-ete op 28 Februarie in die rustige atmosfeer van Champagne. Die ete word bedien tussen 12h00 en 14h00 en vooruitbesprekings moet gedoen word. Besoekers is ook welkom om perd te ry of rond te loop. 'n Spesiale pakket word ook vir kinders aangebied, wat vermaak insluit sodat ouers rustig die dag kan geniet. Skakel Aret Labuschagne, Zastron 2730 so gou moontlik om teleurstelling te voorkom.



## Myburgh Marionettepret




'n Marionetteater "Die kat se klokkie" en "Who caught the cat?" word op 10 Februarie in die Biblioteeksaal aangebied.

Teatertye: 10h00, 11h00 en 15h00

Toegang: R5 per kind
Blokbesprekings vir skole is goedkoper - R4 per kind

Kontak Petru Fouché, tel. Zastron 173




"Net een van hulle is myne. Ek het die ander geleen om my man 'n bietjie te skok ..."

## VALENTYNSDANS

Die Hoërskool Zastron bied 'n Valentynsdans op 12 Februarie in die stadsaal aan. Dit begin om 19h30 en die koste beloop R35 per paar.

'n Heerlike ete word bedien, maar elkeen is verantwoordelik vir sy eie drinkgoed. "Rhythm" sal vir die musiek sorg. Slegs 'n beperkte aantal kaartjies word verkoop.

Skakel die Hoërskool Zastron of mev. Annamarie Swartz, tel. 521 vir verdere besonderhede.


**ZASTRON BANDE**
**SUPA QUICK**
**TEL. 385**

Bande
*Volledige wielsporing met gerekenariseerde masjien*




Skokbrekers
Uitlaatstelsels
"Towbars"
"Bullbars"

**PUIK DIENSTE ALLE TYE**

# FRATSONGELUK IN DORP

Terwyl 'n vragmotor gedurende die nag van 16/17 Januarie diesel by BP Motors ingegooi het, het dit agteruit begin loop en skuins oor die straat beweeg en in die watervoor oorkant Nesna tot stilstand gekom.



Die vrag, 'n swaar masjien wat gebruik word om leer te bewerk en bykans R500 000 kos, het skuins van die bak afgeskuif. Die groot bome het egter gekeer dat dit heeltemal op die grond beland.

Verskeie planne is die volgende oggend deur omstanders beding, maar Hans Dry het later met behulp van 'n padskraper en laaigraaf daarin geslaag om die masjien weer op sy plek te kry. Gelukkig is dit nie beskadig nie en slegs die band van die vragmotor moes vervang word. Om dit te kon doen, moes Spoornet se hulp ingeroep word en is 'n hyskraan gebruik om die vrag in die straat af en weer op te laai. Die vragmotor was vanaf Ladysmith na Kaapstad onderweg toe die ongeluk gebeur het.


**BOOTS - 'N - ALL**

**Posbus 449**
**Zastron**

**TEL. 206**

**Pragtige kleure Penquin wol**

**Materiale, Skoene, Baba-afdeling**
**Skryfbehoeftes & Speelgoed**
**Alle naaldwerk-benodigdhede**
**New Look, Style & Simplicity Patrone**

BESOEK ONS OOK VIR

***Verskeidenheid mansklere***
***Verskeidenheid seuns- en dogtersklere***

Eienaars: Mevv. H. Labuschagne & C. Cruywagen

# EUROPA - VERVULLING VAN 'N LEWENSIDEAAL


DIE OOG BAKKER



Probeer gerus ons
Vars Brood, Banket
Wegneemetes en Teekame
Ons wil u graag bedie
Bestuur:
Hans en Marie Botes
Martina Botes & Elize Stey
TEL. 584


**Ds. Nico en Ria de Klerk skryf:**

Hoe groot is die Heer se genade! Die gedagte het menige keer deur ons koppe geflits van die dag dat daar besluit is dat ons na Europa gaan. In die eerste plek sou dit nooit finansieel moontlik gewees het om dit op ons eie te doen nie. Deure het net eenvoudig die een na die ander oopgegaan en as 'n mens na al dié gebeure kyk wat dit vir ons moontlik gemaak het, dink jy weer daaraan: Die Heer se genade is groot.

Terwyl ek die kongres bywoon in Sorrento in die suide van Italië, loop Ria die winkels van 'n kant af deur. Dit is 'n pragtige plek met die eiland, Capri net 'n hanetreetjie ver. Die kongres is gereël deur die Europese vereniging vir gesinsterapie. Ek skat daar was nie minder as 6 000 afgevaardigdes van oor die hele wêreld nie. Vertalers en oorfone het gesorg dat elke woord onmiddellik in twaalf tale gehoor is. Soms is besprekings gevoer deur 'n paneel van vier, terwyl nie een die ander se taal kan verstaan nie!

**Kommunikasie**

Om 'n week se gebeure in 'n paar sinne saam te vat, is nie maklik nie. Die tema het gegaan oor gevoelens. Om watter rede ookal kommunikeer 'n mens selde dit wat jy regtig voel. Soos 'n rebelse kind se gedrag eintlik dui op iets anders, so is elke mens ook maar besig om dit wat hy voel of wil sê, op ander maniere te sê. Wonderwerke gebeur wanneer mense leer om hul regte gevoelens te kommunikeer of ook wanneer die ander persoon reg geïnterpreteer word. Verder doen ek myself en ander 'n onreg aan om te dink dat ek iemand of 'n situasie of 'n probleem regtig verstaan. Daar is altyd 'n deel wat ek nie van weet of raaksien nie. Dit moet my dwing tot verdraagsaamheid en geduld.

Die heel lekkerste gevoel was dat ons "Universiteitjie" waarvan niemand weet nie, so op standaard is dat niks vir 'n mens vreemd was nie.

Ons het verder 'n heerlike tyd by my broer deurgebring. Hy woon so 'n halfuur se ry van Venesië. Die plek het 'n bekoring wat heel uniek is. Innsbrück en Salzburg in Oostenryk, Zürich, Lucerne en Grindelwald in Switserland, Nice, Marseille, die Franse Riviera en Monaco het ons tyd laat uitloop. Die katedrale van Rome en Florence is onvergeetlik! Veral wanneer jy ons kerk so kyk en besef dat St. Peters maklik tien keer groter is!

**Dankie**

Ons opregte dank aan die kerkraad vir die verlof wat toegestaan is, die opregte belangstelling en ondersteuning wat ervaar is in die gemeenskap. 'n Besondere woord van dank aan ons vriende van die Metodiste Kerk. Miskien was ons grootste ervaring juis dié van "saam bly wees" wat ons ervaar het van ons mede-gelowiges, wat mens weer uitbring by die gedagte: Hoe groot is die Heer se genade.

# NUUS OOR OUD-LERAARS

**'n Leser van Zastron skryf:** Graag vertel ek van daardie groot, groot 'gentleman' ds. P.L. Cilliers. Vroeg in 1988 ontvang ek 'n oproep vanuit Stellenbosch; 'n ouerige man se stem kom oor die telefoon, uiters besorg oor Zastron - "Wat het gebeur met die dorp? Het julle baie skade gehad?" Dit was net na die vloed in Februarie/Maart 1988. Groot was my verbasing dat hierdie afgetrede leraar nog soveel belanggestel het in hierdie dorp en sy gemeenskap. Ek het verneem dat hy later na die Strand verhuis het.

In die artikel oor vorige leraars (Die Zastronner, Des. 1992) word 'n hele rits predikante se name genoem. Ek vermoed daar is net bepaal by bevestigde leraars, maar ek verstout my tog om die naam van 'n predikant te noem wat sy emeriteit na Jeffreysbaai geneem het, maar nogtans kom help het toe Zastron sonder 'n leraar gesit het - ek meen dit was in 1978 en dat hy ook in Ficksburg-gemeente vir 'n tyd van diens was. Ek verwys na ds. Buys - en wat so opmerklik en wonderlik van hierdie afgetrede predikant was, is die feit dat hy in 'n tydperk van ses maande elke gesin van die N.G.Gemeente ten minste een maal besoek het. Dis nou afgesien van hospitaal en Bloemfontein-besoeke. Inderdaad 'n merkwaardige prestasie!

Wat ook nie algemeen bekend was nie, is dat hy sy hart hier op Zastron verloor het aan 'n gesiene, mooie weduwee, maar dié wou nie toegee nie! Ds. Buys is nou ter saliger gedagtenis.

Lesers is welkom om enige interessante inligting rondom ons vorige leraars in te stuur. Dit sal egter nie in Die Zastronner geplaas word nie, maar gebruik word in die Eeufeesblad wat later verskyn.

# ADVERTENSIES

Geklassifiseerde advertensies kan aan Die Zastronner, Posbus 54, Zastron gestuur word. Die koste beloop R5 per plasing. Indien dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R5 kos. Geklassifiseerde advertensies moet vooruitbetaal word.

## TE KOOP

**CALEDON MAKELAARS BK**
*vir u*
***LEWENSVERSEKERING***
***KORTTERMYN-VERSEKERING***
***BELEGGINGSADVIES***
Ons verteenwoordig al die belangrikste maatskappye
SKAKEL NOU
**STAFFIE FOUCHE**
**ROUXVILLE 300**
**ZASTRON 259**

Opreggeteelde, ongeregistreerde St. Bernard-hondjies beskikbaar vanaf 8 Februarie. Prys R300. Skakel Zastron 3013.

**Lego-blokkies** nou beskikbaar. Skakel **Hilda Rochér (tel. 199)** vir 'n pryslys van die nuwe Suid-Afrikaanse produk.

Huishoudelike reinigers - baie billike pryse. Kom besigtig by **SNIPS** (Van Reenen-gebou)

Kenwood Voedselverwerker te koop. Skakel **Ria Naudé, tel. 516 (werk) of 417 na ure.**

Hens in full lay, year old Rhode Hybrids at R12 each.
Budgies R10 each
Love Birds R15 each
Contact mrs. H. Dixon, phone Zastron 64

**WACKO'S VIR VIDEO'S**
**Tel. 246**
Reichenbergstr. 72
***Ons verhuis binnekort na die perseel langs Die Oog Bakkery***

## ALGEMEEN

**WARE WINSKOPIES!!**
**Nuwe verlaagde pryse**

Seeppoeier - Gewone ....... 2 kg @ R6.20
- Automaties ... 2 kg @ R8.10

Oppervlakreiniger ......... 2 liter @ R3.85
Bleikmiddel ............... 2 liter @ R2.05
Wasgoedversagmiddel ....... 2 liter @ R3.00
Skottelgoedseep ........... 2 liter @ R3.60
Matwas .................... 2 liter @ R4.80
Veeldoel .................. 2 liter @ R5.40
Skuimbad .................. 2 liter @ R4.20
Badsout.................... 1 kg @ R4.20
Kry 'n verdere 30c afslag op bogemelde pryse indien 'n vervangingsbottel verskaf word.
**Beskikbaar by "Komma-In" of kontak Lené Hoffman by 1402 Zastron.**

**VAN REENEN WERKSWINKEL** het verskuif na 'n nuwe perseel - gebou langs Pepstores in Matheestraat.
Alle reperasies aan Trekkers, motors en bakkies, ens.
Gekwalifiseerde werktuigkundige Diesel en Petrol. Besoek ons gerus.

### MATWASSERY

Laat u matte skoonmaak by ons.
* Losmatte * Sitkamerstelle * Volvloermatte * Motors

Vir gratis kwotasie skakel: **Hannetjie Swanepoel, 05542 - 16** of doen navraag by SNIPS (Van Reenen Werkswinkelgebou)

### TWEEDEHANDSE KLERASIE

Verkrygbaar by SNIPS (Van Reenen Werkswinkelgebou)
Verkoop en aankoop van enige **goeie** gebruikte klere en skoene.
Geen crimplene rokke of dames langbroeke nie.
Kontak: **Martie (na ure) 05542 - 378**

# SKOLENUUS

## MATRIEKUITSLAE 1992

Philip Fouché het bewys daarvan gelewer dat hy die toekenning van Dux-leerling waardig is toe hy tydens die Senior Sertifikaat-eksamen van 1992 'n gemiddelde A-simbool verwerf het. Hy het 'n onderskeiding in Natuur- en Skeikunde (HG) behaal en spog ook met 4 B-simbole.

Jomi Jansen en Izanne Roos het eweneens puik presteer deur gemiddelde B-simbole te verwerf. Jomi spog met 'n onderskeiding in Tik (SG), terwyl Izanne vyf B-simbole (HG) verwerf het.

Die volgende leerlinge het ook onderskeidings verwerf: Jean Aucamp: Wiskunde (SG), Wikus Barnard: Houtwerk (SG), Sunette Botha: Geskiedenis (SG) en Bedryfsekonomie (SG), Justin Capitao: Wiskunde (SG) en Rekeningkunde (SG), Magda van der Merwe: Wiskunde (SG)

Die skool het weereens 'n 100% slaagsyfer behaal, terwyl 9 leerlinge vrystelling verwerf het. Volgens die skoolhoof, mnr. Rochér was daar ook teleurstellings, maar oor die algemeen het die leerlinge na verwagting presteer. Dit is vermeldenswaardig dat die skool se gemiddelde slaagpunt in alle vakke dié van die Oranje-Vrystaat oortref. Ons sien met groot verwagting uit na die matriekuitslae van 1993.

## LEIERSKURSUS

'n Leerlingraadskursus is op 10 en 11 Desember deur die personeel van die Buitelugskool vir die Hoërskool Zastron aangebied. Geen moeite is ontsien om die leerlingraad vir die nuwe skooljaar voor te berei nie.

Die volgende aspekte van leierskap het onder andere aandag geniet: Kommunikasie, doelwitformulering, konflikhantering en spanbou. Die belangrikste was egter dat die leerlingraad mekaar beter leer ken en verstaan het.


DIE UNIE DRANKWINKEL



Bus 2
Tel. 36


Ons waarborg persoonlike aandag

Dawid & Elsabe Jordaan


## KURSUS VIR HOOFSEUNS EN HOOFDOGTERS

Op 10 - 12 Januarie het Nelis Swart en Madelein Fouche 'n kursus by die UOVS bygewoon. Dit is deur die Fakulteit Opvoedkunde (Departement Didaktiek) in samewerking met die OVS-Onderwysdepartement aangebied. Altesaam 45 skoolleiers het dit bygewoon. Temas soos doelformulering, funksies van die hoofleier, leiersproblematiek, jaarbeplanning, projekbeplanning, kommunikasie en openbare redevoering en vergaderingsprosedures is behandel.

# NUWE LEERKRAGTE



Op die foto verskyn mnr. Du Toit Neethling links. Hy is van Voortrekker Hoër, Bethlehem en sal hier verantwoordelik wees vir Aardrykskunde, asook by die Môrelig Koshuis en op sportgebied van groot hulp wees. Mnr. Neethling het veral as rugbyspeler gepresteer. Hy en sy vrou, Ingrid woon in die meisieskoshuis waar sy vrou met die versorging van die klein dogtertjies help.

Regs is mnr. Riaan McLeod wat verlede jaar sy diensplig voltooi het. Hy het aan die B.O.K. gestudeer en Afrikaans en Suid-Sotho is sy vakgebied. Mnr. McLeod is 'n kranige gholfspeler en spog met 'n voorgee wat baie manne geel van jaloesie sal laat! Mnr. McLeod is ongetroud.

# ZASTRON GHOLFKLUB

Op 5 Desember 1992 is die Supa Quick Gholfdag aangebied. Vyf-en-dertig spelers het die winderige toestande getrotseer en soos die telling aandui, het die "spelers maar gesukkel!"

Uitslae was as volg:

1. W. Meades plus 2
2. T. Smith plus 1
3. R. Fouche 0
4. F. Botes 0
5. L. Shaer minus 1
6. H. Meyer minus 1
7. I. Paulsen minus 1
8. N. Cusens minus 2
9. D. Schwartz minus 3

In die dames-afdeling was Lorraine Paulsen eerste met minus 6. Die meeste gholf is deur Bok van Niekerk en Mike Smith gespeel met minus 12. Louis Shaer was die naaste aan die pen en Megan Higgs het die langste dryfhou gespeel wat die meeste mans op hul neuse laat kyk het.

Baie dankie aan Jan, Rina en Ben van Vuuren en Supa Quick vir 'n heerlike borgdag.

## ONTHOU DIE DRIEKAMP

Op 26 Februarie sal die fikses weer hul uithouvermoë kan wys. Die hoop word uitgespreek dat daar soveel belangstelling sal wees, dat dit die veertien spanne van verlede jaar sal oortref.

Die roete bestaan uit 200 m swem, 5 km draf en 11 km fietsry. 'n Braaivleis by die Gholfklub sal weer na die verrigtinge gehou word. Almal is welkom.

'n Spesiale uitdaging is aan die banke op die dorp gerig: Hoe lyk dit gaan julle nie vanjaar 'n span inskryf nie?

## MUURBALKLUB IN VOORUITSIG

'n Stigtingsvergadering word vir Maandag, 8 Februarie om 18h00 by die Muurbalbaan (Reniershof) beplan.

Alle muurbalspelers (ook dames) word hierheen uitgenooi. Aspekte wat onder andere aandag gaan geniet, is ledegeld, plaaslike kampioenskappe en wedstryde teen naburige dorpe. Vir verdere inligting skakel Pierre Rochér, tel. 199.


**ZASTRON**

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS*
*DIE DORP MET GROEIKRAG*

HONORE ET INDUSTRIA

**HIER VIND U**

***Ongeewenaarde natuurskoon en pulk ontspanningsgerlewe***
***Ideaal gelee woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse***
***Munisipale dienste teen besonder billike tariewe***
***'n Gesonde, gematigde klimaat***
***Pulk woonwapark***
***Vakansieplase, Forel-vangste, Staproetes***
***Pulk hotel en verskeie toerisme-aantreklikhede***

**KOM BESOEK ZASTRON EN VESTIG U HIER**

Vir nadere besonderhede kontak
**DIE STADSKLERK, BUS 20, ZASTRON, 9950**
**Tel. (05542) 18**